imaadisaacsfoundation
education is not received, it is achieved

the tuition CLUB

BTG organisation
an affiliate of the imaadisaacsfoundation

SUGGESTED ANSWERS FOR VERSJOERNAAL ACTIVTIES
LIFE VANNIE JOBLESS

NON PROFITABLE PUBLICATION

The Tuition Club
Resource printed from: http://www.nb.co.za/product/woonstelbewoner--versjoernaal--bl-----/6426/

Life vannie jobless

1. a) Die lewe van 'n werklose persoon.

2. b) Deur herhaling van die titel in strofes 3 en 6. In elke strofe word daar verwys na die “jobless” persoon se lewe.

3. “agony”

4. Hy het aansoekvorms ingevul; hy het briewe geskryf (moontlik om te pleit vir werk); hy het telefoonoproepe gemaak en van plek tot plek geloop op soek na werk.

5. Kos vir die gesin; warm beddens om in te slaap, geld vir elektrisiteit.

6. Die baba moet water drink omdat daar nie geld vir melk is nie.

7. Die briewe van die prokureur hoop op – waarskynlik as gevolg van opgehoopte skuld.

8. Hulle verloor hulle respek vir hom as hoof van die gesin.

9. Ouers misbruik alkohol, dwelms word algemeen gebruik en mense steel. Die morele standaarde verval.

10. Die man wat sy werk verloor het.

11. Die pa, die werklose man. Hy is deurentyd aan die woord./Hy is die spreker in die gedig.

12. Werkloosheid en die uitwerking daarvan op 'n gemeenskap.

13. Kaapse Afrikaans

14. a) Die ma moet die baba se melk met water vervang. Dit is heel waarskynlik sy wat skel oor daar nie geld is nie.

b) Die pa is opstandig – hy bly vra of die leser weet waarvan hy praat. Hy is heel waarskynlik moedeloos omdat sy aansoekvorms telkens niks oplewer nie,

The Tuition Club
Resource printed from: http://www.nb.co.za/product/woonstelbewoner--versjoernaal--bl-----/6426/

telefoonoproepe is vergeefs, hy loop sy skoene stukkend en word telkens weggewys. Hy ervaar pyn omdat hy vir die kinders moet sê dat daar nie geld of ander noodsaaklikhede is nie. Hy ervaar moontlik ook vrees vir die toekoms – die prokureursbriewe word meer – dalk van skuldinvorderaars. Hy is depressief en voel verwerp, vervreemd van sy gesin en verneder. Hy het hom oorgegee aan drank, moontlik betrokke geraak by dwelms en diefstal.

c) Die kinders verloor hul respek vir die pa.

d) Die gesin voer 'n gebrekkige bestaan – nie beddens om op te slaap nie, nie komberse nie, nie genoeg kos nie, water i.p.v. melk in die bababottel, 'n geskel in die huis.

15. Hy kan nie vir hulle fisiese behoeftes sorg nie en begin drink. Heel moontlik gebruik hy ook dwelms en maak hom skuldig aan diefstal.

16. Hy voel deur God verlate.

17. “gel’gatte” – geldgatte

18. “En weet jy hoe dit voel ...”

19. ... eenheid.

The Tuition Club
Resource printed from: http://www.nb.co.za/product/woonstelbewoner--versjoernaal--bl-----/6426/